


# GELIEFDE LEERDER BESWYK

**Rustenburg** – 'n Sewentien-jarige seun, William van der Merwe, beter bekend as Poffies, het sy lewe verloor in 'n tragiese motorfietsongeluk op Donderdag, 8 Junie 2017. Die ongeluk het op die hoek van Bult- en Beyers Naudé straat plaasgevind. Sy motorfiets het 'n Toyota Hilux getref. Volgens polisiewoordvoerder Sersant Ofentse Mokgadi, ondersoek die Polisie tans 'n saak van strafbare manslag teen die bestuurder van die Hilux.

Poffies was 'n graad 11 leerder aan die Hoërskool Rustenburg en was bekend as 'n vriendelike kind met 'n goeie hart, asook 'n ywerige sportman. Die skool het die volgende rakende Poffies se afsterwe gedeel:

"Dit is met groot hartseer wat ons u in kennis stel van die afsterwe van William van der Merwe, ook geliefd as Poffies. Poffies was gister, 8 Junie 2017, in 'n motorfietsongeluk betrokke. Die Hoërskool Rustenburg spreek ons medelye teenoor Poffies se onmiddellike familie, vriende en ander naastes uit. Hy is aan die vreugde wat hom altyd vergesel het gekenmerk. Mag die verskil wat hy as leerder in die Hoërskool Rustenburg en ook in die breër gemeenskap gemaak het vir u vertroosting bring."

Hy laat sy geliefde ouma en oupa agter, sy ma is voorheen oorlede in 'n ander motorongeluk. Etlike *Facebook* boodskappe maak melding daarvan dat hy nou weer in sy ma se arms kan rus.

"Vriendskap gaan nie oor hoeveel julle vir mekaar doen nie, dit gaan oor hoe julle mekaar laat voel, en niemand kon my beter oor myself laat voel as jy nie. Dit maak nie saak hoe sleg my dag, my maand of my jaar was nie, jy het dit altyd kom verbeter met jou 'Pssst *hey blondie*…'

Ek is lief vir jou," sê Michelle Cilliers, vriendin, op *Facebook*.

John Robbertse, voogonderwyser van Poffies die laaste 2 jaar: "Poffies was soos 'n sonstraal, altyd gelukkig en het enige vertrek opgehelder. Hy was altyd lus vir geselsies maak. Hy was 'n steunpilaar vir sy vriende en 'n baie groot Christen. Dit was 'n eer om hom te kon ken."

Poffies is op 18 Mei 1997 gebore en sterf op 8 Junie 2017. Hy was op Donderdag, 15 Junie 2017, om 14h00 vanuit die Agape gemeente te Rustenburg begrawe.



Wyle William van der Merwe, beter bekend as Poffies

SINCE 1989 Martin's leaders in funeral industry
Attie Kirsten
Tel: 014 592 0037
Cell: 082 851 1472

We specialise in the following:
- Cremation service
- Funeral services and policies.
- Obtaining all relevant documentation for funerals and cremations, transportation as well as mortuary facilities.

*Martins Rustenburg would like to thank all the people who have entrusted us to ease the pain of losing a loved one during the past 20 years.*

We are service providers for:
UASA Solidariteit Solidarity

Email: mf.rust@mweb.co.za | Website: www.martinsfunerals.co.za

Elemental Construction
Specialists in Steel- Construction, Fabrication and Maintenance
Contact Kevin: 078 306 6088
sales@elementalc.co.za
LIKE us on FACEBOOK

